

7 Februarie

Skrifgedeelte: Hooglied 3:1-5

Fokusgedeelte: Hooglied 3:4b

Ware liefde bring rus by mekaar

Hierdie liedjie is 'n soort tergliedjie wat die seremoniemeester op die troue voorgedra het. Hy het natuurlik bietjie oordryf, veral as hy hier vertel van 'n voorval uit die bruidspaar se sleeptyd. Die tweetjies geniet die goedige spot, want hulle weet daar steek waarheid in. Die seremoniemeester vertel hoe verlief die bruid was en in sy vertelling vertolk hy wat die bruid sou gesê het. Die liefde het haar 'n dom ding laat doen. Een aand het sy al gelê en toe kry sy 'n nagmerrie oor haar kêrel: Hy is weg! Sy spring toe uit haar bed op en begin hom soek, in die strate en die parke en sy konfronteer sommer die stadspolisie en vra of hulle hom nie gesien het nie. Selfs teenoor die polisie noem die dolverliefde meisie skaamteloos haar lieflingsnaampie vir haar kêrel! As almal op die onthaal skater van die lag, neem die liedjie 'n lekker wending. Sy het hom gekry en nou sy sit langs hom. Sy hou hom vas en laat hom nie los nie.

Hierdie liedjie wys nog 'n kant van die liefde. Ware liefde bring rus as die geliefdes by mekaar is! In die stormagtige lewe, waar paartjies soms min tyd saam het en baie spanning moet verduur, gee die liefde rus. Uiteindelik vind die paartjie hulle diepste rus in die liefde van God wat sy Seun gegee het om die onrus van sonde, dood en duiwelse magte weg te neem. Hierdie rus bring gesonde humor in die lewe van getroudes.

Prof BJ de Klerk (Teologiese Skool)